

Verwelkoming

Oos se lidmate / ander lidmate en kuiergaste

Kerkraad se besluit

Voller liturgiese uitlewing

Spesiaal die kinders – volgende Sondagoggend gaan ons iets spesiaals vir ons kinders doen!

**Tema:** God is vir ons goed en daarom kies ons om blymoedig te wees.

### **Ons ontmoet die Here**

Votum

Gebed om die seën van die Here

Lofsang uit: Ps 33 - 1: 1,2

Geloofsbelydenis deur Engela van der Walt (12 Artikels)

### **Ons verootmoedig ons voor die Here**

Lees Christus se toepassing van die wet uit Matteus 5: 43 - 48;

Sing Sb 9 - 4: 1,5,6

Gebed

### **Ons ontvang God se Woord**

Skriflesing: Psalm 73

Woordverkondiging

### **Ons antwoord die Here**

Gebed

Sing Lied 525: 1,2,3

Bid om die seën van die Here.

Afkondigings

Geliefde brs en srs

Een van die **mooiste kenmerke** van gelowiges is die blymoedigheid waarmee hulle die lewe aanpak. Dit is juis gelowiges se innerlike en uiterlike blymoedigheid wat soos helder lig in 'n donker nag die aandag in hierdie wêreld trek. 'n **Blymoedige lewensstyl is so aantreklik en so aansteeklik dat niemand daardeur onaangeraak kan bly nie.**

Die **Spreukedigter** sê dan ook: “Bekommernis druk 'n mens neer; 'n vriendelike woord vrolik hom op” en “Stralende oë bring blydschap” en “'n vriendelike mens is 'n gesonde mens”.

Daarom is dit jammer dat **ons dikwels so gou en maklik ons blymoedigheid verloor.** Ons laat toe dat die dinge van die lewe ons blymoedigheid verloor. Ja, dikwels so erg dat ons, ook soos Asaf, sommer amper van die geloofspad af kan gly. Bekommernisse, twyfel, slegte belewenisse en indrukke beroof ons ons blymoedigheid.

Laat ek net gou eers vir **die kinders** verduidelik wat blymoedigheid beteken. Kom ons kyk mooi na die woord: Bly + moedig = om met blydschap moed te hou. Nie moedeloos te raak nie, nie te twyfel nie, maar altyd met vreugde en blydschap te midde van slegte omstandighede te lewe. Kyk 'n mens egter na gelowiges se gesigte, luister 'n mens na gesprekke dan sien en hoor ons nie altyd hierdie blydschap nie.

Brs. en srs. dit gebeur met ons almal en daarom gee die Here vir ons in hierdie psalm die geheim van 'n blymoedige lewe.

Hy sê vir ons: God is vir ons goed en daarom **kies ons om blymoedig te wees.**

**1. God se goedheid en genade is die bron van ons blymoedigheid**

**2. Maar ons moet ook kies om blymoedig te lewe!**

**Want u sien, wat vasstaan is die geloofsbelydenis waarmee Asaf in vers 1 begin:**

“Waarlik, God is vir Israel goed, vir die wat rein van hart is.” Wie is Israel? Wie is die wat rein van hart is?. Br en sr, dit is ons ek en jy. Ons is God se volk – die wat deur die bloed van Christus skoon gewas is en deur ons geloof aan God behoort. Ons reinheid is nie uit onself nie, Christus het dit vir ons verwerf – Hy het ons juis rein gewas sodat God vir ons kan sorg. En Hy doen dit ook elke dag. Niks kan jou ooit uit sy hand ruk nie. God se goedheid is die bron van ons blymoedigheid!

Ons het gehoor dat die Heilige Gees in ons woon en ons daaglik lei! Maar wat gebeur dan met ons? **Wat is dit dan wat ons ons blymoedigheid beroof?** Hoekom het Asaf dan die spoor byster geraak?

**Want hy het op die verkeerde dinge gefokus.** Hy het toegelaat dat die duiwel hom met verkeerde gedagtes beïnvloed en dit het hom die verkeerde keuse laat maak. Hy het net op die negatiewe gefokus.

Kom ons kyk 'n bietjie in vers 2 – 12 wat het sy gedagtes beïnvloed:

1. Die voorspoed van ander mense. Hy sien dat dit met ander mense net goed gaan. Hoekom het ek dan so baie probleme?
2. Die oënskylike kommervrye lewe van ander mense. Hoekom moet ek so hard werk?

3. Die finansiële voorspoed en welvaart van ander mense – hoekom sukkel ek dan so finansiëel? 'n Mens raak jaloers op ander se baie geld.
4. Die feit dat ander mense nie siek word, maar al die verskriklike lyding van siekte vryspring. Is dit regverdig? Hoekom moet ek of my familie of vriende so worstel met vreeslike siektes van ons tyd?
5. Hy sien hoe ander hulle voorspoed misbruik en niks oorkom nie. Hulle is trots en selfvoldaan, hulle pleeg geweld en verval in korrupsie en niks gebeur met hulle nie. Hoe is dan nou – waar is God se oordeel waarvan die Bybel praat?
6. Hy sien hoe sulke goddelose mense aanhang in die samelewing begin geniet terwyl hy wat reg doen – uitgelag word.

### **Wat het hierdie dinge in Asaf bewerk?**

Hy het begin worstel met die Here oor al sy eie probleme en terugslae. Hy het uiteindelik in vers 13 en 14 aan die waarde van sy geloof en die feit dat hy die Here probeer dien, begin twyfel.

**Geliefdes, is dit nie baie van die dinge wat gedurig in my en jou gedagtes rondmaal nie?** Is dit nie die soort gedagtes waarvoor ons baie met mekaar praat en vrae vra nie? Het dit jou ook al gelei tot die punt waarby Asaf gekom het? Is dit nie die rede waarom ons so 'n swarmoedige uitkyk op die lewe het nie? Waarom ons nie meer blymoedig is nie?

Br en sr, dit gebeur met ons almal – maar juis daarom wil die Here ons vanoggend leer om 'n ander uitkyk op die lewe te hê: 'n uitkyk van blymoedigheid.

**Ons sien mos nou baie duidelik in hierdie psalm waartoe sulke negatiewe gedagtes lei:**

- Dit berooft jou jou lewensvreugde, jou blymoedigheid
- Dit kan jou van die geloofspad laat wegdwaal – vers 2 dit maak jou koersloos – dat jy dae en dae hieroor kan top en worstel
- Dit maak jou moedeloos – vers 13 en 14
- Vers 21 sê dit maak jou bitter en verbitterd
- Vers 22 – dit maak jou blind vir God se goedheid en sorg – dit laat jou net op die negatiewe fokus. Jy sien nie meer dit raak wat God wel vir jou gee en vir jou doen nie!

**Geliefdes, hoe kan ons dan weer ons blymoedigheid terugkry?** Hoe verkry en behou 'n mens 'n blymoedige lewensuitkyk?

Ons leer hoe uit verse 15 – 24 drie belangrike dinge vir 'n blymoedige lewe:

1. **Vers 15: Besweer hierdie negatiewe gedagtes in jou.** Moenie toelaat dit hulle beheer neem van jou gedagte-wêreld nie. Sê vir jouself – ek gaan nie langer so dink nie. Neem die beheer en hou op om negatief te dink. Breek in jou gemoed en gedagtes die spiraal van neg. denke. Dit was die draaipunt in Asaf se lewe!

Geliefdes, het u raakgelees in vers 15 hoekom dit baie belangrik is om jou negatiewe gedagtes en worsteling nie te deel met jou kinders of met jong of swak gelowiges nie? Want dan word jy vir hulle tot struikeling. Jou twyfel en worsteling kan 'n jong of swak gelowige se geloofslawe knak.

Natuurlik moet jy daarvoor praat en jou worstelinge met gelowiges en die Here deurwerk in gesprek – maar nie met kinders of jong gelowiges nie. Ouers – let op wat en hoe

julle voor julle kinders praat oor die negatiewe dinge van ons lewe – julle maak swaarmoedige gelowiges groot!!!

2. **Fokus op God en Sy Woord. Vers 17** . Asaf het na Here toe gegaan en die saak met Hom uitgeworstel. Hy het veral gefokus op die **Skrifwaarhede** oor die Here en sy pad met gelowiges en ongelowiges en dit het hom weer blymoedig gemaak. Dit is presies wat die Here in Filippense 4: 8 en 9: Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is—watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees—daarop moet julle julle gedagtes rig. <sup>9</sup>En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees.

Dit is waarmee jy jou gedagtes moet besig hou. Die Here se beloftes, dat Hy jou in Christus rein gewas het, juis dat Hy jou kan beskerm en versorg. Dat Hy sy Gees in jou hart uitgestort het, juis om jou in staat te stel om blymoedig te wees. God het jou nie verlaat nie, nee, Hy is juis by jou. Vul jou lewe met God se beloftes.

Onthou, soos Asaf, wat die **uiteinde van goddelose en ongelowige mense is** – hulle is bestem vir die verderf – al gaan dit nou oenskynlik goed met hulle. Daarteenoor is jy bestem vir die ewige lewe.

**Geliefdes, wanneer jy met God omgaan met Woord en gebed, dan verander die Here jou lewensuitkyk en kan jy weer blymoedig wees!!!**

3. Maar daar is nog **een laaste belangrikste vereiste: jy moet elke kies om hierdie dinge te glo en uit te leef. Jy moet elke dag God se beloftes vir jou toe-eien.**

In verse 17 – 24 het Asaf gefokus op God en die belangrike Skrifwaarhede. Net soos ek en jy ook wanneer ons die Bybel lees en elke Sondag die prediking hoor. En tog bly ons steeds nie blymoedig nie. Hoekom nie?

**Omdat ons nie elke dag 'n bewustelike keuse om te luister na die Gees wat ons blymoedig maak nie. Jy moet elke dag, met voorbedagte rade – jou keuse neem: vandag gaan ek vir die Gees luister en blymoedig lewe!! Ongeag wat ook al!!**

Hoekom sê ons so? Kyk wat het Asaf gedoen: Vanaf vers 25 maak hy bewustelike keuses:

Vers 25: Niemand in hierdie lewe is vir my belangriker as God nie – 'n keuse

Vers 26: Al kry ek vandag swaar – al is ek afgetakel na liggaam en gees – God is my sterkte – 'n keuse.

Vers 27 – Ek kies nie teen God nie, want dan sal ek verlore gaan – 'n keuse

Vers 28 – Ek wil naby God wees – 'n keuse

- Ek kies God as my toevlug.

En daarmee is Asaf terug by vers 1: Waarlik die Here is goed vir Israel vir die wat rein van hart is. Nou sien Hy weer die genade van God in Christus raak en die wonderlike voorreg dat die Heilige Gees in my woon. Hy het nou weer die regte perspektief en blymoedige lewensuitkyk.

**Geliefde, br en sr., dit is die geheim vir 'n volgehoue blymoedige lewe.** Kies elke dag daarvoor! Want dan is jy gehoorsaam aan die Heilige Gees en sal Hy jou die krag gee om met 'n blymoedige lewensuitkyk die mense van God te vertel. Dan sal jou lewe 'n wonderlike getuienis wees van die genade wat God aan sy kinders gee. 'n Genade van 'n blymoedige lewe ondanks alles wat ons in hierdie wêreld sien en beleef.

Geliefdes, dink u dit is onrealisties? Wat van die tye wat ek doodgewoon liggaamlik en geestelike so moeg is, dat ek nie eers 'n keuse wil maak nie. Br en sr, juis dan, juis dan moet jy kies en jy sal sien hoe God jou lewensuitkyk verander: ja, al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte.

Amen